# Kraggakamma Huisgeloof
## vir kleingroepe, families en stiltetyd
### (10 – 17 Oktober 2021)

## Ysbreker:

Storietyd: Indien jy 03:00 die oggend hulp benodig en 4 mense moet skakel, wie sal dit wees? En hoekom spesifiek daardie persone? Vir wie bid jy op 'n gereelde basis? Wie kan by jou huis ongenooid enige tyd opdaag? Vir wie bel jy en vier saam met hulle al die aspekte van die lewe?

## Gespreksvrae:

**Tema**: Vier ongelooflike vriende/ Die Gemeenskap van die mat

**Teksvers:** Markus 2:1-12

1- Lees die verhaal vanuit meer as een vertaling (indien moontlik)
2- Gesels met mekaar oor die verskillende karakters van die verhaal? Probeer jouself plaas in die verlamde man, die 4 vriende, Jesus of die skare se skoene? Wat dink jy oor die optrede van elkeen van hierdie individue in die verhaal.
3- Die verhaal bestaan beide uit die wonder (v 1-4) en uit die konflik (v5-12). Hoekom dink julle sou vers 5 juis die konflik veroorsaak?
4- Hoe belangrik is gemeenskap/groepe vir jou? Jean Vanier het geskryf: *There is no ideal communities. Community is made up of people with all their richness, but also with their weakness and poverty, of people who accept and forgive each other, who are vulnerable with each other. Humility and trust are more at the foundation of community than perfection.*
5- Die verlamde man het nie baie nie, maar hy het wel vier ongelooflike vriende. Vriende wat letterlik hom "op sy mat" gedra het. Ons elkeen beweeg deur tye waar ons voel ons iets nie alleen kan dra nie, waar of wanneer het jy al gevoel hoe iemand vir jou help om jou las te dra? Het jy al beleef hoe God mense gebruik om mense gesond/beter te maak?
6- Hoeveel tyd, moeite en energie maak jy met jou medemens. Weet jy waar jy rondom jou ander kan help dra?

## Alternatiewe luisterstof:

- Ons het ook 'n ongelooflike vriend. Luister saam na Juanita Du Plessis se weergawe van Wat 'n Vriend het ons in Jesus: https://www.youtube.com/watch?v=IZD1WEJuAp8

## Afsluiting:

Skep 'n geleentheid om vir die Here dankie te sê dat jy deel kan wees van 'n geloofsgemeenskap. Dat jy nie alleen jou swaar las hoef te dra nie.